**MEESTER GRAANAANKOOPOOREENKOMS**

Nademaal Oos Vrystaat Kaap Bedryf Beperk, registrasie nommer 1999/004069/06 ("**OVK**"), gewillig en in staat is om sekere graangewasse (die "**Graan**") vanaf die Verkoper aan te koop en nademaal die Verkoper, wie se besonderhede op die tersaaklike Verkorte Graanaankoopooreenkoms voorkom, begerig is om die Graan aan OVK te verkoop en die Partye in terme van die Verkorte Graanaankoopooreenkoms ooreengekom het dat alle graanaankoopooreenkomste gesluit tussen OVK en die Verkoper onderhewig sal wees aan en beheers sal word deur:

1) Die terme en voorwaardes van die Verkorte Graanaankoopooreenkoms (die "**Verkorte Graanaankoopooreenkoms**");
2) Die terme en voorwaardes van hierdie Meester Graanaankoopooreenkoms (die "**Meester Graanaankoopooreenkoms**"); en
3) Die terme en voorwaardes van elke transaksie (die "**Transaksie**") gesluit tussen die partye met betrekking tot elke spesifieke graanaankoopooreenkoms soos uitsluitlik bevestig en vervat in die rekenaar gegenereerde dokument (die "**Transaksiebevestiging**") uitgereik deur OVK wat die terme en voorwaardes van die Transaksie bevestig,
(hierna na gesamentlik verwys as die **"graanaankoopooreenkoms"**)

Nou derhalwe bepaal hierdie Meester Graanaankoopooreenkoms soos volg:

## 1. <u>INTERPRETASIE</u>

Tensy uit die samehang anders blyk, sal elke graanaankoopooreenkoms gesluit tussen die Partye geïnterpreteer word in ooreenstemming met die volgende bepalings:

1.1 Elke graanaankoopooreenkoms sal geïnterpreteer word en onderhewig wees aan die reg van die Republiek van Suid-Afrika en verwysings na die bepalings van enige wetgewing sal, waar toepaslik, insluit sodanige bepalings soos gewysig, vervang, geherpromulgeer of gekonsolideer.
1.2 Verwysings na "**Partye**" sal die Partye se onderskeie opvolgers in titel en, indien toegelaat in hierdie Meester Graanaankoopooreenkoms, hul onderskeie sessionarisse en gevolmagtigdes insluit.
1.3 Die opskrifte van klousules en sub-klousules word alleenlik vir verwysingsdoeleindes gebruik en sal nie die interpretasie van enige graanaankoopooreenkoms beïnvloed nie.
1.4 Geen woord of bepaling wat in enige graanaankoopooreenkoms gebruik word sal tot die nadeel van 'n Party geïnterpreteer word bloot omdat daardie Party verantwoordelik was vir of deelgeneem het aan die voorbereiding of opstel van sodanige graanaankoopooreenkoms of enige deel daarvan nie.
1.5 Woorde in enkelvoud sal woorde in die meervoud insluit en omgekeerd, en woorde wat die manlike geslag aandui sal ook die vroulike geslag insluit en omgekeerd.
1.6 Algemene woorde voorafgegaan of gevolg deur woorde soos "**ander**" of "**insluitende**" of "**spesifiek**" sal nie 'n noue interpretasie verleen word omdat dit so voorafgegaan word of gevolg word deur spesifieke voorbeelde wat bedoel word om binne die betekenis van die algemene woorde te val nie.
1.7 Tensy uitdruklik anders bepaal, sal die aantal dae wat aangedui word om 'n handeling uit te voer of aangedui word vir enige ander rede, bereken word met uitsluiting van die eerste dag en insluiting van die laaste dag, met inagneming van die bepalings van klousule 1.8 hieronder.
1.8 Verwysings na "**dae**" sal geïnterpreteer word as kalenderdae, tensy dit voorafgegaan word deur die woord "besigheids", in welke geval 'n "**besigheidsdag**" enige dag behalwe 'n Saterdag, Sondag of publieke vakansiedag, soos in die Staatskoerant gepubliseer, sal wees.
1.9 Verwysings na 'n "**persoon**" sal 'n individu, firma, maatskappy, korporasie, regspersoon, plaaslike owerheid en enige trust, organisasie, assosiasie of vennootskap insluit, hetsy dit aparte regspersoonlikheid het of nie.

1.10 Verwysings na “**klousules**” en “**sub-klousules**” is verwysings na klousules en subklousules soos vervat in hierdie Meester Graanaankoopooreenkoms.

2. **DIE GRAAN, HOEVEELHEID, KOOPPRYS EN SPESIFIEKE TIPE GRAANAANKOOPOOREENKOMS**

2.1 Die soort Graan sowel as die graad daarvan, waar van toepassing, wat die onderwerp van enige graanaankoopooreenkoms sal wees sal in die Transaksiebevestiging vermeld word.

2.2 Die hoeveelheid Graan wat deur OVK aangekoop en deur die Verkoper aan OVK gelewer moet word, sal in die Transaksiebevestiging vermeld word in metrieke ton, onderhewig daaraan dat die finale hoeveelheid Graan gelewer bepaal sal word aan die hand van die gradering en weeg van die Graan deur OVK soos hieronder by klousule 4.6 bepaal.

2.3 Die koopprys (indien reeds bepaal) waarteen OVK die Graan vanaf die Verkoper aankoop, sal die koopprys per metrieke ton wees soos vermeld in die Transaksiebevestiging. Ongeag enige wisseling in die prys van Graan, sal die koopprys vermeld in die Transaksiebevestiging nie vatbaar wees vir enige wysiging daarvan nie.

2.4 Die spesifieke tipe graanaankoopooreenkoms (soos mee gehandel in klouse 14 hieronder) gesluit tussen die Partye sal in die Transaksiebevestiging vermeld word.

3. **REG VAN INSPEKSIE EN MONITERING**

OVK, verteenwoordig deur enige werknemer of agent van OVK, sal te alle redelike tye geregtig wees om die Verkoper se aanplantings van die Graan te inspekteer en die Verkoper sal verplig wees om sodanige aanplantings uit te wys aan OVK se voormelde werknemer of agent. OVK se voormelde werknemer of agent sal voorts geregtig wees om die stroop en lewering van die Graan te monitor en die Verkoper sal verplig wees om OVK se voormelde werknemer of agent toegang te gee tot die eiendom waarop die Graan aangeplant is.

4. **LEWERING EN RISIKO**

4.1 Die Verkoper moet die Graan aan OVK lewer gedurende die leweringsperiode vermeld in die Transaksiebevestiging, met die begindatum synde die datum vanaf wanneer die Graan gelewer kan word en die einddatum synde die laaste datum waarop die Graan volledig deur die Verkoper aan OVK gelewer moet word.

4.2 Sou die Verkoper versuim om die Graan volledig aan OVK te lewer voor of op die voormelde einddatum, sal sodanige versuim kontrakbreuk deur die Verkoper daarstel en OVK nie verplig wees om na sodanige einddatum lewering van die Graan te aanvaar nie.

4.3 Indien die Verkoper verlang om die Graan voor die bogenoemde begindatum aan OVK te lewer, sal OVK geregtig wees om sodanige vroeër lewering te weier. Indien OVK toestem tot vroeër lewering, sal OVK geregtig wees om addisionele stoorkoste, teen die tarief soos deur OVK gedurende die betrokke seisoen gehef en soos op OVK se webwerf (www.ovk.co.za) gepubliseer, asook enige rente deur OVK betaalbaar as gevolg van sodanige vroeër lewering, van die Verkoper te verhaal.

4.4 Die plek van lewering van die Graan is die leweringspunt soos bepaal deur OVK en soos vermeld in die Transaksiebevestiging, met dien verstande dat OVK te alle tye geregtig sal wees om ‘n alternatiewe leweringspunt of leweringspunte aan te wys waar lewering, op die koste van die Verkoper, moet plaasvind.

4.5 Waar die ooreengekome leweringspunt die plek van verbouing van die Graan is, vind lewering plaas by wyse van ‘n Plaaslaai, in welke geval OVK lewering neem van die Graan waar die Verkoper die Graan verbou of `n Plaassilo.

4.5.1 In sodanige geval sal die Verkoper:

4.5.1.1 OVK 48 (agt-en-veertig) uur voor die tyd van laai van die Graan in kennis stel dat die Graan gereed is om gelaai te word;

4.5.1.2 Verseker dat die plek van waar die Graan gelaai moet word, van so 'n aard is dat ‘n vragmotor met ‘n lengte van 22m (twee-en-twintig meter) , breedte van 3m (drie meter) en hoogte van 4.2m (vier punt twee meter) vrylik daar kan beweeg; die vry hoogte van alle toegangshekke ‘n minimum van 300mm (drie honderd millimeter) is en ‘n draaisirkel met ‘n deursnee van minstens 30m (dertig meter) beskikbaar sal wees; en

4.5.1.3 Op sy koste ‘n awegaar of laaigraaf voorsien by wyse waarvan die Graan gelaai sal word en welke moet geskied teen 'n minimum tempo van 30 (dertig) ton per uur.

4.5.2 Die minimum hoeveelheid Graan wat per vragmotor gelaai moet word sal deur OVK in OVK se uitsluitlike diskresie bepaal word.

4.5.3 Die laai van die Graan direk uit stropers sal slegs toegelaat word waar OVK, in OVK se uitsluitlike diskresie, daartoe toestem.

4.6 Die hoeveelheid Graan gelewer deur die Verkoper aan OVK sal verteenwoordig word deur die massa van die Graan in metrieke ton wat oor ‘n geykte skaal van ‘n leweringspunt van OVK geweeg is of die van ‘n derde party in die geval waar OVK die Graan aankoop in terme van ‘n Plaaslaai en direk verhandel aan ‘n derde party, minus enige gewigsaanpassings ten opsigte van vog, hanteringsverlies, sifsels, vreemde materiaal of enige ander faktor wat die massa, kwaliteit en gradering van die Graan beïnvloed, indien enige.

4.7 Sou OVK op versoek van die Verkoper toestem dat ‘n ander skaal gebruik mag word, sal die koste verbonde aan die gebruik van sodanige ander skaal vir die rekening van die Verkoper wees.

4.8 Geen toleransie op die ooreengekome hoeveelheid Graan wat deur die Verkoper aan OVK gelewer moet word sal toegelaat word nie en die Verkoper sal verplig wees om die totale ooreengekome hoeveelheid Graan aan OVK te lewer.

4.9 Die Verkoper dra alle risiko’s verbonde aan die aanplant, verbouing, oes en lewering van die Graan. Die risiko in en tot die Graan sal slegs oorgaan op OVK na lewering van die Graan aan OVK. Lewering van die Graan deur die Verkoper aan OVK sal geag eers plaas te gevind het en voltooi te wees sodra die Graan by ‘n leweringspunt bepaal deur OVK gelewer is en OVK ‘n skriftelike ontvangsbewys ten aansien van die Graan uitgereik het.

4.10 Die ontvangsbewys uitgereik deur OVK na lewering van die Graan sal dien as *prima facie* bewys van die soort Graan, die hoeveelheid daarvan asook die kwaliteit daarvan.

4.11 Die Verkoper waarborg, onderhewig aan klousule 7 hiervan, dat:

4.11.1 Die Verkoper in alle opsigte geregtig is om die Graan aan OVK te verkoop;

4.11.2 Die Verkoper die eienaar van die Graan is;

4.11.3 Daar geen aanspraak of potensiële aanspraak op die Graan deur enige derde party bestaan of moontlik mag ontstaan nie; en

4.11.4 Geen derde partye enige regte het op die opbrengs van die Graan, benewens daardie derde partye waarvan die Verkoper OVK skriftelik verwittig het in terme van klousule 7.1 hiervan.

4.12 OVK sal nie verplig wees om enige silo-sertifikate aan die Verkoper uit te reik ten aansien van Graan wat deur die Verkoper aan OVK gelewer is, tensy die Verkoper al sy verpligtinge in terme van die graanaankoopooreenkoms en/of enige ander ooreenkoms tussen OVK en die Verkoper en/of enige borgstelling in terme waarvan die Verkoper hom teenoor OVK verbind het, ten volle nagekom het nie.

## 5. <u>KWALITEITSTANDAARDE EN GRADERING</u>

5.1 Die Verkoper waarborg dat:

5.1.1 Die Graan verbou sal wees ooreenkomstig goeie en aanvaarbare boerderypraktyke;

5.1.2 Die verbouing van die Graan nie teenstrydig sal geskied met enige wetgewing van toepassing op die Graan nie; en

5.1.3 Daar op geen stadium enige ongeregistreerde produk op die Graan gespuit of toegedien is nie en die Graan aan alle statutêre vereistes met betrekking tot chemiese residu, soos van tyd tot tyd van toepassing, voldoen.

5.2 By lewering van die Graan aan OVK, onderneem die Verkoper dat die Graan sal voldoen aan al die kwaliteitstandaarde soos voorgeskryf in die regulasies gepubliseer in terme van die Wet op Landbouprodukstandaarde, no. 119 van 1990, asook enige ander toepaslike wetgewing.

5.3 Die kwaliteit van die Graan en gradering daarvan sal te alle tye deur OVK bepaal word by die leweringspunt waar die Graan deur die Verkoper aan OVK gelewer word. Waar die Verkoper OVK se gradering van die Graan betwis:

5.3.1 Moet die dispuut onverwyld verwys word na 'n onafhanklike gradeerder, synde die naaste gradeerder aan die betrokke leweringspunt wat nie in diens van OVK of die Verkoper is nie en beskikbaar is;

5.3.2 Sal die onafhanklike gradeerder se beslissing finaal wees;

5.3.3 Sal die onsuksesvolle Party aanspreeklik wees vir die koste van die onafhanklike gradeerder; en

5.3.4 Sal OVK nie verplig wees om ontvangs van die Graan te neem voordat die dispuut nie besleg is nie.

5.4 Waar die Graan aangebied vir lewering nie aan die voormelde kwaliteitstandaarde, spesifikasies en waarborge of ooreengekome graad voldoen nie, sal:

5.4.1 OVK geregtig wees om te weier om lewering van die Graan te aanvaar, ongeag of die Graan reeds by 'n leweringspunt gelewer is en 'n ontvangsbewys ten aansien daarvan uitgereik is al dan nie, in welke geval sodanige Graan geag sal word nie deur die Verkoper aan OVK gelewer te wees nie;

5.4.2 OVK, in OVK se uitsluitlike diskresie en sonder enige verpligting daartoe, geregtig wees om die Graan in ontvangs te neem, in welke geval:

5.4.2.1 Dit sal geskied sonder benadeling van enige van OVK se regte met betrekking tot die Verkoper se kontrakbreuk en wanprestasie;

5.4.2.2 Dit nie lewering van die ooreengekome Graan sal daarstel nie;

5.4.2.3 Die koopprys van die Graan aangepas sal word in ooreenstemming met die kwaliteit en gradering van die Graan ooreenkomstig die graad diskonto's soos op OVK se Whatsapp applikasie gepubliseer of van tyd tot tyd deur OVK bepaal; en

5.4.2.4 Die Verkoper aanspreeklik sal wees vir enige en alle koste in verband met die ontvangs en opberging van die Graan.

5.5 Indien dit op enige stadium, hetsy voor of na lewering van die Graan, blyk dat die Verkoper enige van die waarborge en/of ondernemings vervat in hierdie klousule verbreek het, sal die Verkoper, nieteenstaande enige ander bepaling van hierdie Meester Graanaankoopooreenkoms, teenoor OVK aanspreeklik wees en bly vir enige skade wat OVK weens sodanige verbreking ly.

## 6. <u>BETALING EN AANWENDING VAN KOOPPRYS</u>

6.1 Die Verkoper sal te alle tye aanspreeklik wees vir enige en alle statutêre heffings betaalbaar ten aansien van die Graan en sal sodanige heffings, asook enige ander bedrae waarvoor die Verkoper regtens aanspreeklik is, insluitend maar nie beperk tot silo hanteringskoste, stoorkoste en rente, voor die betaling van die koopprys van die koopprys afgetrek word.

6.2 Indien die Verkoper, hetsy as hoofskuldenaar of as borg, op datum van lewering van die Graan aan OVK enige bedrag aan OVK verskuldig is, ongeag uit hoofde van welke skuldoorsaak ookal, magtig die Verkoper OVK uitdruklik om die koopprys van die Graan aan te wend ter delging of gedeeltelike delging van sodanige verskuldigheid aan OVK.

6.3 Behoudens die bepalings van klousule 6.1, 6.2 en klousule 7 hiervan, sal OVK die koopprys van die Graan aan die Verkoper betaal binne 10 (tien) besigheidsdae vanaf die eerste dag van die toepaslike SAFEX kontrak maand of binne 10 (tien) besigheidsdae na lewering van die Graan, of binne die tydperk soos uiteengesit in die Transaksiebevestiging, welke datum ookal die laatste is.

SAAM BEREIK ONS MEER
TOGETHER WE ACHIEVE MORE

## 7. PANDREG, RETENSIEREG EN SESSIES

7.1 Indien enige persoon (uitgesluit OVK) 'n pandreg, retensiereg, sessie, voorkeurreg of enige ander reg ten opsigte van die toekomstige opbrengs van die Graan verkry het voor die aangaan van die graanaankoopooreenkoms, sal die Verkoper binne 24 (vier-en-twintig) uur na ontvangs deur die Verkoper van die Transaksiebevestiging, OVK skriftelik daarvan verwittig deur die versending aan OVK van 'n e-pos aan graankontrakte@ovk.co.za en die volledige besonderhede van so 'n persoon aan OVK voorsien en waar die voormelde reg in 'n skriftelike dokument vervat is, OVK ook van 'n afskrif van sodanige dokument voorsien.

7.2 Die Verkoper magtig OVK hiermee onherroeplik om die koopprys of gedeelte daarvan, na die aftrekking van enige bedrag verskuldig deur die Verkoper aan OVK, direk oor te betaal aan enige persoon wat 'n pandreg, retensiereg, sessie, voorkeurreg of enige ander reg ten opsigte van die opbrengs van die Graan hou, onderhewig daaraan dat sodanige persoon voldoende skriftelike bewys moet lewer van die bestaan van sodanige reg.

7.3 Met die betaling van die bedrag of bedrae aan die houer(s) van die voormelde regte, word OVK tot die mate waartoe sodanige betaling geskied het, onthef van sy verpligtinge teenoor die Verkoper. Waar daar 'n dispuut ontstaan en teenstrydige aansprake op die opbrengs van die Graan gemaak word, sal OVK die koopprys of daardie gedeelte daarvan ten opsigte waarvan die dispuut bestaan, terughou tot tyd en wyl sodanige dispuut besleg is.

## 8. OORDRAAGBAARHEID

8.1 Enige graanaankoopooreenkoms gesluit tussen die Partye is net van toepassing op die Partye daartoe en is glad nie oordraagbaar tussen persone nie.

8.2 Die Verkoper sal nie, behalwe met die voorafverkreë skriftelike toestemming van OVK, die reg hê om enige van sy verpligtinge ingevolge hierdie Meester Graanaankoopooreenkoms geheel of gedeeltelik aan enige ander persoon of instansie te delegeer of op enige ander wyse oor te dra nie.

8.3 Na die sluit van enige graanaankoopooreenkoms, sal die Verkoper nie geregtig wees, behalwe met die voorafverkreë skriftelike toestemming van OVK, om enige van sy regte ingevolge die graanaankoopooreenkoms geheel of gedeeltelik aan enige ander persoon of instansie te sedeer of op enige ander wyse oor te dra nie.

## 9. KONTRAKBREUK

9.1 Indien die Verkoper versuim om sy verpligtinge in terme van enige graanaankoopooreenkoms gesluit tussen OVK en die Verkoper na te kom, sal OVK, sonder om afbreuk te doen aan enige ander regte wat OVK mag hê, geregtig wees om:

9.1.1 Die graanaankoopooreenkoms af te dwing en spesifieke nakoming te vorder; of

9.1.2 Skadevergoeding vanaf die Verkoper te vorder en welke skadevergoeding, waar die Verkoper versuim om die Graan te lewer of volledig te lewer aan OVK voor of op die einddatum vir sodanige lewering, soos volg bereken sal word:

| | | |
|---|---|---|
| Tonnemaat tekort deur Verkoper gelewer | X<br>*(vermenigvuldig met)* | Verskil tussen aankoopprys per ton betaalbaar deur OVK om die tekort aan te vul en gekontrakteerde prys per ton |

9.2 Die aankoopprys vermeld in klousule 9.1.2 sal benewens die koopprys enige vervoerkoste, silokoste, statutêre heffings, rente, administratiewe koste en enige ander kostes wat deur OVK betaalbaar is ten einde die Graan te bekom, insluit.

9.3 Die Verkoper sal aanspreeklik wees vir die betaling van rente op enige skadevergoedingsbedrag teen dieselfde koers van tyd tot tyd gehef deur OVK op agterstallige rekeninge en welke rente daagliks bereken en maandeliks saamgestel sal word en bereken sal word vanaf die datum waarop OVK betaling maak van die Graan ter vervanging van die Verkoper se prestasie tot datum van betaling.

9.4 Sou dit vir OVK nodig wees om enige regstappe teen die Verkoper te neem of enige regstappe deur die Verkoper geneem te verdedig, sal die Verkoper aanspreeklik wees vir OVK se regskostes op die skaal soos tussen prokureur en eie kliënt.

## 10. OPVOLGERS IN TITEL

Enige graanaankoopooreenkoms gesluit tussen die Partye sal bindend wees op die Partye se opvolgers in titel.

## 11. DISPUTE

11.1 Indien enige dispuut tussen die Partye mag ontstaan in verband met die interpretasie van enige graanaankooporeenkoms, enige van die Partye se bevoegdhede of verpligtinge uit hoofde van enige graanaankoopooreenkoms of enige aangeleentheid in verband daarmee, of uit hoofde van die kansellasie van enige graanaankoopooreenkoms ten aansien van 'n Party, sal die dispuut vir arbitrasie verwys word ingevolge die bepalings van hierdie klousule.

11.2 Die arbitrasie verwys na in klousule 11.1, sal gehou word –

11.2.1 te Bloemfontein;

11.2.2 op 'n informele basis;

11.2.3 ingevolge die bepalings van die relevante arbitrasie wetgewing dan van krag in die Republiek van Suid-Afrika; en

11.2.4 binne 10 (tien) besigheidsdae nadat dit aangevra is of so spoedig doenlik daarna soos wat prakties moontlik is.

11.3 Die arbiter sal –

11.3.1 indien die dispuut hoofsaaklik van 'n regsaard is, 'n onafhanklike praktiserende prokureur met nie minder as 10 (tien) jaar se ervaring of 'n senior advokaat van die Vrystaatse Vereniging van Advokate wees, soos ooreengekom tussen die Partye en by ontstentenis aan sodanige ooreenkoms, 'n persoon genomineer deur die dán diensdoenende Voorsitter van die Vrystaatse Vereniging van Advokate;

11.3.2 indien die dispuut hoofsaaklik van 'n rekenkundige aard is, 'n onafhanklike praktiserende ouditeur met nie minder as 10 (tien) jaar se ervaring wees, soos op ooreengekom tussen die Partye en by ontstentenis aan sodanige ooreenkoms, 'n persoon genomineer deur die dán diensdoenende Voorsitter van die Sentrale Streek vir die Suid-Afrikaanse Instituut van Geoktrooieerde Rekenmeesters;

11.3.3 ooreenkomstig die bepalings van klousule 11.3.1 aangewys word, indien die Partye nie kan ooreenkom of die dispuut hoofsaaklik van 'n regsaard of van 'n rekenkundige aard is nie in welke geval die dispuut geag sal word ‘n regsdispuut te wees.

11.4 Die arbiter sal geregtig wees om in sy uitsluitlike diskresie 'n addisionele arbiter aan te wys, in welke geval sodanige arbiters gesamentlik sal optree.

11.5 By onstentenis van ‘n ooreenkoms tussen die Partye rakende die prosedure wat tydens die arbitrasie gevolg moet word, sal die arbiter die prosedure bepaal en sal sodanige bepaling finaal en bindend wees op die Partye.

11.6 Die beslissing van die arbiter(s) sal finaal en bindend wees op die Partye tot die arbitrasie.

11.7 Die bepalings van hierdie klousule 11 sal van krag bly nieteenstaande die beëindiging van enige graanaankoopooreenkoms vir welke rede ookal.

11.8 Nieteenstaande enige bepaling tot die teendeel, en nieteenstaande die verwysing van dispute vir arbitrasie soos bedoel in hierdie klousule 11, is enige van die Partye geregtig om te eniger tyd dringende regshulp van 'n hof te verkry na gelang van die geval.

12. **VERWERKING VAN PERSOONLIKE INLIGTING**

12.1 Dit word hiermee geboekstaaf dat die Partye gedurende die tydperk van die verhouding soos bedoel in terme van enige graanaankoopooreenkoms, van tyd tot tyd Persoonlike Inligting (soos gedefinieer in die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, no. 4 van 2013 ("**POPIA**")) kan bekom.

12.2 Ingevolge die bepalings van klousule 12.1 hierbo, waarborg elke Party hiermee dat sodanige Party –

12.2.1 sal verseker dat die vertroulikheid en integriteit van alle Persoonlike Inligting verkry en/of verwerk (soos gedefinieer in POPIA) deur of namens 'n Party in ooreenstemming met die bepalings van POPIA sal wees;

12.2.2 sal verseker dat die verwerking van die Persoonlike Inligting van die ander Party slegs vir doeleindes sal wees wat vereis word om aan sodanige Party se verpligtinge ingevolge enige graanaankoopooreenkoms te voldoen en om andersins uitvoering te gee aan die bepalings van enige graanaankoopooreenkoms, en dat geen sodanige Persoonlike Inligting beskikbaar gestel sal word aan enige eksterne derde partye nie, behalwe soos in enige graanaankoopooreenkoms bepaal en tensy dit vir die uitvoering van enige graanaankoopooreenkoms vereis word;

12.2.3 standaard administratiewe, fisiese en tegniese waarborge sal handhaaf vir die beskerming, sekuriteit, vertroulikheid en integriteit van die ander Party se Persoonlike Inligting in sy sorg en beheer vir die duur van enige graanaankoopooreenkoms en daarna (vir sover sulke Persoonlike Inligting nie uitgewis of vernietig word nie) en sal sodanige Party verder verseker dat dit in ooreenstemming bly met die bepalings van POPIA; en

12.2.4 sal voldoen aan alle toepaslike data beskermingsregulasies, insluitende enige toepaslike bepalings van POPIA, asook alle riglyne uitgereik deur die Inligtingsreguleerder.

12.3 Elke Party vrywaar hiermee die ander Party teen enige aanspreeklikheid of verlies wat deur sodanige Party opgedoen of gely mag word as gevolg van die ander Party se skending van die verpligtinge opgelê aan hom ingevolge die bepalings van POPIA en hierdie klousule 12.

13. **ALGEMEEN**

13.1 Sovêr moontlik sal die bepalings van elke graanaankoopooreenkoms uitgelê word op 'n manier wat effektief en geldig is volgens die toepaslike reg van die Republiek van Suid-Afrika, en as enige bepaling van enige graanaankoopooreenkoms onwettig, ongeldig of onuitvoerbaar bevind word in terme van die toepaslike reg, sal daardie onwettigheid, ongeldigheid of onuitvoerbaarheid nie die geldigheid van enige ander bepaling van enige sodanige graanaankoopooreenkoms beïnvloed nie, en sal alle ander bepalings van krag bly.

13.2 Geen vergunning, uitstel of ander toegewings wat enige van die Partye aan die ander mag maak ten opsigte van die nakoming van enige verpligting ingevolge enige graanaankoopooreenkoms of die afdwinging van enige regte uit hoofde daarvan, en geen enkele of gedeeltelike uitoefening van enige reg deur enige Party, word in enige omstandighede geag 'n geïmpliseerde toestemming of afstanddoening van enige regte deur sodanige Party te wees nie of raak op enige ander wyse enige van daardie Party se regte kragtens enige graanaankoopooreenkoms nie, en verhoed nie sodanige Party om te eniger tyd en sonder kennisgewing, streng en stiptelike voldoening aan elke bepaling van sodanige graanaankoopooreenkoms te eis nie.

13.3 Hierdie Meester Graanaankoopooreenkoms, die Verkorte Graanaankoopooreenkoms en die terme en voorwaardes van elke Transaksie, soos uitsluitlik bevestig en vervat in die Transaksiebevestiging

uitgereik deur OVK, behels in elke geval van die aangaan van 'n graanaankoopooreenkoms die gehele ooreenkoms tussen die Partye.

13.4 Geen wysigings (behalwe soos bedoel in klousule 13.5 hiervan) tot of kansellasie van enige graanaankoopooreenkoms gesluit tussen die Partye sal van enige regskrag of effek wees nie, tensy dit op skrif gestel en deur die Partye of hulle behoorlik gemagtigde verteenwoordigers onderteken is nie. Geen wysiging tot of ooreengekome kansellasie van enige graanaankoopooreenkoms sal geldig wees op grond van enige uitruil van "**data**" deur middel van 'n "**elektroniese handtekening**" of 'n "**gevorderde elektroniese handtekening**" soos bepaal, gedefinieër of andersins bedoel in die Wet op Elektroniese Kommunikasies en Transaksies, no. 25 van 2002, nie.

13.5 OVK sal geregtig wees om die bepalings van hierdie Meester Graanaankoopooreenkoms te wysig en sodra die gewysigde Meester Graanaankoopooreenkoms op OVK se webwerf gepubliseer is, sal die bepalings van sodanige gewysigde Meester Graanaankoopooreenkoms van toepassing wees op elke graanaankoopooreenkoms gesluit na sodanige wysiging.

13.6 Elke graanaankoopooreenkoms gesluit tussen die Partye, vervang alle vorige ooreenkomste, voorstellings, kommunikasies, samesprekings en verstandhoudings tussen die Partye rakende die inhoud en bepalings van sodanige graanaankoopooreenkoms, en enige sodanige vorige ooreenkomste, voorstellings, kommunikasies, samesprekings en verstandhoudings sal van nul en gener waarde wees en nie bindend wees op die Partye nie.

13.7 Waar die Partye 'n graanaankoopooreenkoms sluit waarvan enige bepalings soos vervat in die Transaksiebevestiging verskil van die bepalings van hierdie Meester Graanaankoopooreenkoms of die Verkorte Graanaankoopooreenkoms, sal die bepalings soos vervat in die Transaksiebevestiging geld en tussen die Partye bindend wees, maar slegs ten opsigte van die spesifieke graanaankoopooreenkoms. Die bepalings vervat in die Transaksiebevestiging wat soos voormeld verskil, sal egter nie andersins daartoe lei dat die bepalings van hierdie Meester Graanaankoopooreenkoms of die Verkorte Graanaankoopooreenkoms in die algemeen gewysig word nie, en alle ander bepalings van hierdie Meester Graanaankoopooreenkoms en die Verkorte Graanaankoopooreenkoms sal voortgaan om op die betrokke graanaankoopooreenkoms van toepassing te wees.

13.8 Alle kennisgewings en enige ander mededelings (insluitend, maar nie beperk nie tot, enige goedkeuring, toestemming of versoek) deur die Partye in terme van enige graanaankoopooreenkoms of ten opsigte daarvan, sal skriftelik geskied en sal of met die hand afgelewer word of per elektroniese pos gestuur word aan die ander Party by sy relevante adres, soos uiteengesit in die toepaslike Verkorte Graanaankoopooreenkoms of soos andersins hierin bepaal.

13.9 Enige kennisgewing of ander kommunikasie wat gegee is deur een Party aan die ander Party wat –

13.9.1 elektronies versend is na die gespesifiseerde elektroniese posadres van enige Party, sal geag ontvang te wees deur sodanige Party op die dag van versending daarvan soos aangedui op die versender se elektroniese posrekords; en

13.9.2 per hand afgelewer is gedurende normale besigheidsure, word geag ontvang te wees op die datum van aflewering daarvan.

13.10 Die Partye kies hul onderskeie fisiese adresse soos uiteengesit in die Verkorte Graan aankoopooreenkoms as hul *domicilium citandi et executandi* waar alle dokumente ten opsigte van regsverrigtinge, beteken moet word. Indien 'n Party sodanige adres wil wysig, moet die wysiging by wyse van skriftekike kennisgewing aan die ander Party geskied onderhewig daaraan dat sodanige adres nie 'n adres buite die Republiek van Suid-Afrika mag wees nie.

13.11 Nieteenstaande enige bepaling hiervan, sal 'n skriftelike kennisgewing of mededeling wat werklik deur 'n Party ontvang is, voldoende skriftelike kennisgewing of mededeling aan sodanige Party daarstel.

## 14. <u>SPESIFIEKE TERME VAN TOEPASSING OP DIE VERSKILLENDE TIPES GRAANAANKOOPOOREENKOMSTE</u>

### 14.1 <u>Inleiding</u>

SAAM BEREIK ONS MEER
TOGETHER WE ACHIEVE MORE

In wat hierna volg is 'n verwysing na:

14.1.1 "**basiskoste**", 'n verwysing na die bedrag wat van die koopprys afgetrek staan te word en wat insluit maar nie beperk is tot die SAFEX gepubliseerde vervoerdifferensiaal en 'n premie waar van toepassing. Silo hanteringskoste, stoorkoste, sifkoste, droogkoste en ander relevante silokostes tot die stoor en hantering van Graan word apart gefaktureer en vorm nie deel van die basiskoste nie. Die tariewe ten opsigte van sonneblom en soja's word voor of op 28 Februarie, ten opsigte van mielies voor of op 30 April en ten opsigte van koring voor of op 30 September van elke jaar deur OVK op OVK se webtuiste gepubliseer. Die basiskoste sal te alle tye in die uitsluitlike diskresie van OVK deur OVK bepaal en vasgestel word;

14.1.2 "**ex silo**", 'n verwysing na die lewering van Graan waar die Graan wat die onderwerp van 'n graanaankoopooreenkoms is, Graan is wat in 'n silo ontvang en opgeberg is;

14.1.3 "**graad diskonto's**", 'n verwysing na SAFEX se gepubliseerde graad diskonto's van toepassing op swakker grade Graan as eerste graad Graan waar van toepassing, en waar SAFEX nie sodanige graad diskonto's publiseer nie, OVK se gepubliseerde graad diskonto's van toepassing op swakker grade Graan as eerste graad Graan en wat beskikbaar is op OVK se Whatsapp applikasie;

14.1.4 "**Plaaslaai**", 'n verwysing na die lewering van Graan waar die ooreengekome leweringspunt die plek van verbouing van die Graan is soos meer volledig mee gehandel in klousule 4.5 hiervan; en

14.1.5 "**SAFEX**", 'n verwysing na die South African Futures Exchange.

14.2 **<u>Vaste Prys Kontrak</u>**

14.2.1 Die hoeveelheid en die koopprys van die Graan in terme van 'n Vaste Prys Kontrak word bepaal en ooreengekom op die datum waarop die spesifieke graanaankoopooreenkoms gesluit word, synde die datum van die Transaksie.

14.2.2 Die koopprys van die Graan in terme van 'n Vaste Prys Kontrak word bepaal aan die hand van die SAFEX prys soos op datum van die aangaan van die graanaankoopooreenkoms, minus die basiskoste.

14.2.3 Die voormelde koopprys is die koopprys ten opsigte van eerste graad Graan. Waar die Graan wat gelewer word nie eerste graad Graan is nie, sal die koopprys aangepas en betaalbaar wees ooreenkomstig die graad diskonto's, soos van toepassing op die datum van lewering van die Graan, teen kontrak verkope van toepassing op laer grade Graan.

14.2.4 Lewering van die Graan in terme van 'n Vaste Prys Kontrak kan geskied by wyse van 'n Plaaslaai, ex silo of by die leweringspunt soos bepaal deur OVK en soos vermeld in die Transaksiebevestiging.

14.3 **<u>Dagprys Kontrak</u>**

14.3.1 Die hoeveelheid en die koopprys van die Graan in terme van 'n Dagprys Kontrak word bepaal en ooreengekom op die datum waarop die spesifieke graanaankoopooreenkoms gesluit word, synde die datum van die Transaksie.

14.3.2 Die koopprys van die Graan in terme van 'n Dagprys Kontrak word bepaal aan die hand van die SAFEX prys soos op die datum waarop die graanaankoopooreenkoms gesluit word, minus die basiskoste.

14.3.3 Die voormelde koopprys is die koopprys ten opsigte van eerste graad Graan. Waar die Graan wat gelewer word nie eerste graad Graan is nie, sal die koopprys aangepas word en betaalbaar wees ooreenkomstig die graad diskonto's, soos van toepassing op datum van die lewering van die Graan teen Dagprys verkope.

14.3.4 'n Dagprys Kontrak kan slegs gesluit word:

14.3.4.1 Waar die Graan wat die Verkoper wil verkoop reeds in 'n silo of 'n ander ooreengekome leweringspunt opgeberg is; of

14.3.4.2 Op die datum waarop die Graan aan OVK by 'n silo of 'n ander ooreengekome leweringspunt gelewer staan te word, onderhewig daaraan dat die Graan aan OVK gelewer moet word by 'n silo of 'n ander ooreengekome leweringspunt voor 11:00 op die datum waarop die aankoopprys bepaal moet word en die Verkoper OVK van sy voorneme om 'n Dagprys Kontrak te sluit moet verwittig voor 11:00 op daardie betrokke dag.

14.4 **SAFEX Gemiddelde Prys Later Basis Kontrak (Poel)**

14.4.1 Die hoeveelheid van die Graan in terme van 'n SAFEX Gemiddelde Prys Kontrak word bepaal en ooreengekom op die datum waarop die spesifieke graanaankoopooreenkoms gesluit word, synde die datum van die Transaksie.

14.4.2 Die koopprys van die Graan in terme van 'n SAFEX Gemiddelde Prys Kontrak is gebaseer op en word bepaal aan die hand van die gemiddelde SAFEX sluitingsprys ten opsigte van die spesifieke soort Graan vir die termyn soos uiteengesit in die Transaksiebevestiging, minus die basiskoste. Die basiskoste sal bepaal word ooreenkomstig die bepalings van klousule 14.8.3.

14.4.3 Die voormelde koopprys is die koopprys ten opsigte van eerste graad Graan. Waar die Graan wat gelewer word nie eerste graad Graan is nie, sal die koopprys aangepas en betaalbaar wees ooreenkomstig die graad diskonto's, soos van toepassing op datum van die lewering van die Graan teen kontrak of Dagpryse verkope.

14.4.4 OVK sal, ongeag enige ander bepaling van 'n graanaankoopooreenkoms gebaseer op die SAFEX Gemiddelde Prys Kontrak, te alle tye geregtig wees om, waar daar in die uitsluitlike diskresie van OVK nie voldoende belangstelling van produsente ontvang is om die SAFEX Gemiddelde Prys Kontrak se lewensvatbaarheid te waarborg nie, sodanige graanaankoopooreenkoms te kanselleer, met dien verstande dat sodanige kansellasie skriftelik moet geskied en wel minstens 7 (SEWE) dae voor die aanvang van die termyn soos bepaal in terme van die Transaksiebevestiging waaroor die gemiddelde SAFEX sluitingsprys bepaal word.

14.4.5 Lewering van die Graan in terme van 'n SAFEX Gemiddelde Prys Kontrak kan geskied by wyse van 'n Plaaslaai, ex silo of by die leweringspunt soos bepaal deur OVK en soos vermeld in die Transaksiebevestiging.

14.5 **Minimum/Maksimum SAFEX Prys Later Basis Kontrak**

14.5.1 Die hoeveelheid van die Graan in terme van 'n Minimum/Maksimum Prys Kontrak word bepaal en ooreengekom op die datum waarop die spesifieke graanaankoopooreenkoms gesluit word, synde die datum van die Transaksie.

14.5.2 Die SAFEX prys aan die hand waarvan die finale koopprys bepaal sal word, sal gebaseer word op 'n minimum SAFEX prys en 'n maksimum SAFEX prys soos uiteengesit in die Transaksiebevestiging en afhanklik wees van die SAFEX prys soos op die datum waarop die opsie verval soos bepaal in terme van die Transaksiebevestiging. Die koopprys van die Graan sal bereken word aan die hand van die voormelde berekende SAFEX prys, minus die basiskoste. Die basiskoste sal bepaal word ooreenkomstig die bepalings van klousule 14.8.3.

14.5.3 Tensy die Verkoper die keuse verwys na in klousule 14.5.4 hieronder uitoefen, word die koopprys bepaal op die datum waarop die opsie verval en van welke koopprys die basiskoste en opsie koste afgetrek word, en welke koopprys nie minder as die minimum SAFEX prys en nie meer as die maksimum SAFEX prys soos uiteengesit in die Transaksiebevestiging sal wees nie, met dien verstande dat indien:

14.5.3.1 Die SAFEX prys soos op die datum waarop die opsie verval, minder is as die maksimum SAFEX prys vermeld in die Transaksiebevestiging, die koopprys gelykstaande sal wees aan die SAFEX

prys soos op die datum waarop die opsie verval, minus die basiskoste en opsie koste, maar nie minder sal wees, voor die aftrek van die basiskoste en opsie koste, as die minimum SAFEX prys soos uiteengesit in die Transaksiebevestiging nie; en

14.5.3.2 Die SAFEX prys soos op die datum waarop die opsie verval, meer is as die maksimum SAFEX prys vermeld in die Transaksiebevestiging, die koopprys gelykstaande sal wees aan die maksimum SAFEX prys soos uiteengesit in die Transaksiebevestiging, minus die basiskoste en opsie koste.

14.5.4 Die Verkoper is geregtig om te enige tyd voor die datum waarop die opsie verval, die keuse uit te oefen om die Minimum/Maksimum Prys Kontrak om te skakel na ‘n Vaste Prys Kontrak. In sodanige geval sal:

14.5.4.1 Die bepalings en terme van toepassing op ‘n Vaste Prys Kontrak, soos hierbo uiteengesit, van toepassing wees;

14.5.4.2 Die Verkoper aanspreeklik wees vir alle koste wat mag voortspruit uit die omskakeling van die Minimum/Maksimum Prys Kontrak na een met ‘n vaste kontrakprys;

14.5.4.3 Die Verkoper sy keuse skriftelik uitoefen deur die voltooiing en ondertekening van die keusevorm, hierby aangeheg as bylae **“A”,** en die lewering van die keusevorm aan OVK deur die versending daarvan per e-pos aan ovkgraanverkryging@ovk.co.za;

14.5.4.4 Die datum van uitoefening van die Verkoper se keuse die datum wees waarop OVK die keusevorm ontvang, onderhewig daaraan dat ‘n keusevorm ontvang deur OVK tot en met 10:00 op 'n spesifieke dag, geag sal word op daardie dag ontvang te wees, terwyl enige keusevorm ontvang na 10:00 op 'n spesifieke dag geag sal word ontvang te wees op die volgende besigheidsdag.

14.3.5 Lewering van die Graan in terme van ‘n Minimum/Maksimum Prys Kontrak kan geskied by wyse van ‘n Plaaslaai, ex silo of by die leweringspunt soos bepaal deur OVK en soos vermeld in die Transaksiebevestiging.

14.6 **<u>Uitgestelde Finale SAFEX Prys Kontrak(70\30)</u>**

14.6.1 Die hoeveelheid van die Graan in terme van ‘n Uitgestelde Finale SAFEX Prys Kontrak word bepaal en ooreengekom op die datum waarop die spesifieke graanaankoopooreenkoms gesluit word, synde die datum van die Transaksie, onderhewig daaraan dat ‘n Uitgestelde Finale SAFEX Prys Kontrak slegs gesluit kan word nadat die Graan reeds aan OVK gelewer en verkoop was in terme van ‘n voorafgaande graanaankoopooreenkoms gesluit tussen OVK en die Verkoper.

14.6.2 In terme van ‘n Uitgestelde Finale SAFEX Prys Kontrak word ‘n ooreengekome gedeelte, soos uiteengesit in die Transaksiebevestiging, van die koopprys betaalbaar aan die Verkoper uit hoofde van die voorafgaande graanaankoopooreenkoms hierbo vermeld, aan die Verkoper betaal terwyl OVK die restant van daardie koopprys behou, welke restant van die koopprys aangewend word ter finansiering van die onderstaande SAFEX Termynkontrak of kontrakte, met die doel om die Verkoper, op die algehele risiko van die Verkoper, ‘n finale prysingsgeleentheid te bied.

14.6.3 Na die aangaan van die Uitgestelde Finale SAFEX Prys Kontrak, sluit OVK namens die Verkoper ‘n SAFEX Termynkontrak of kontrakte met betrekking tot toekomstige SAFEX termyne, met dien verstande dat:

14.6.3.1 Sodanige SAFEX Termynkontrak of kontrakte namens die Verkoper aangegaan word ten opsigte van die koopsom van ‘n ooreengekome hoeveelheid Graan, soos bevestig in die Transaksiebevestiging, deur die Verkoper aan OVK gelewer in terme van die voormelde voorafgaande graanaankoopooreenkoms, onderhewig egter daaraan dat sodanige hoeveelheid Graan nie die totale hoeveelheid Graan in terme van die voormelde voorafgaande graanaankoopooreenkoms gelewer, sal oorskry nie;

14.6.3.2 Die Verkoper aanspreeklik is vir alle koste in verband met die aangaan van die SAFEX Termynkontrak of kontrakte;

14.6.3.3 Die SAFEX Termynkontrak of kontrakte aangegaan word op die algehele risiko van wins en verlies van die Verkoper en waar ‘n verlies gely word wat die oorblywende koopsom van die Graan hierbo

vermeld te bowe gaan, die Verkoper teenoor OVK aanspreeklik sal wees vir sodanige verlies en enige bedrae wat deur die Verkoper aan OVK verskuldig mag wees, op aanvraag betaalbaar sal wees;

14.6.3.4 OVK te alle tye geregtig sal wees om met betrekking tot enige van die SAFEX Termynkontrak of kontrakte aangegaan namens die Verkoper, te enige tyd in die uitsluitlike diskresie van OVK, die posisie ingeneem in terme daarvan te sluit en die nodige verhandeling te doen ten einde sodanige SAFEX Termynkontrak of kontrakte te beëindig;

14.6.3.5 Daardie gedeelte van die koopsom hierbo vermeld waarmee die SAFEX Termynkontrak of kontrakte aangegaan word, te alle tye voldoende moet wees om voorsiening te maak vir enige negatiewe markbeweging, insluitende maar nie beperk tot minstens twee agtereenvolgende negatiewe daaglikse limiete, welke in die geval van mielies R150.00 (EENHONDERD EN VYFTIG RAND) per ton per dag, in die geval van koring R240.00 (TWEEHONDERD EN VEERTIG RAND) per ton per dag en in die geval van sonneblom en sojabone R270.00 (TWEE HONDERD EN SEWENTIG RAND) per ton per dag is;

14.6.3.6 OVK onder geen omstandighede teenoor die Verkoper aanspreeklik sal wees vir enige verliese gely voortspruitend uit die aangaan van die SAFEX Termynkontrak of kontrakte, verhandeling in terme daarvan of die beëindiging daarvan; en

14.6.3.7 Waar die SAFEX Termynkontrak of kontrakte verstryk en geen verlies gely is wat die oorblywende koopsom van die Graan hierbo vermeld te bowe gaan nie, sal OVK die bedrag of bedrae wat die Verkoper toekom, aan die Verkoper betaal.

14.6.4 Die Verkoper is geregtig om, onderhewig aan OVK se regte soos uiteengesit in klousule 14.6.3.4 hierbo en met OVK se goedkeuring, die keuse uit te oefen om die verstryking van die SAFEX Termynkontrak of kontrakte na ‘n later SAFEX-hoofprysingsmaand uit te stel of te vervroeg, onderhewig daaraan dat:

14.6.4.1 Die Verkoper aanspreeklik sal wees vir alle koste wat mag voortspruit uit die uitstel of vervroeging van die verstryking van die SAFEX Termynkontrak of kontrakte;

14.6.4.2 Die Verkoper sy keuse skriftelik moet uitoefen deur die versending van ‘n e-pos aan ovkgraanverkryging@ovk.co.za, en welke keuse, in die geval van die uitstel van die verstrykingsdatum, uitgeoefen moet word voor of op die datum vermeld in die Transaksiebevestiging;

14.6.4.3 Die datum van uitoefening van die Verkoper se keuse die datum sal wees waarop OVK die voormelde e-pos ontvang;

14.6.4.4 Die voormelde e-pos deur OVK ontvang moet word voor of op die 20ste (twintigste) dag van die maand wat die SAFEX verskansingsmaand in terme van die SAFEX Termynkontrak of kontrakte voorafgaan; en

14.6.4.5 Waar die verkoper die keuse uitoefen om die verstryking van die SAFEX Termynkontrak of kontrakte na ‘n later SAFEX-hoofprysingsmaand uit te stel, sodanige SAFEX-hoofprysingsmaand nie, tensy OVK daartoe toestem, later mag wees as 28 Februarie in die geval van sonneblom en soja’s, 30 April in die geval van mielies en 30 September in die geval van koring in die jaar wat volg op die jaar waarin die SAFEX Termynkontrak of kontrakte aangegaan is.

## 14.7 <u>Vaste Basis Koste Later SAFEX Prys Kontrak (Volume Kontrak)</u>

14.7.1 Die hoeveelheid van die Graan in terme van ‘n Vaste Basis Koste Later SAFEX Prys Kontrak word bepaal en ooreengekom op die datum waarop die spesifieke graanaankoopooreenkoms gesluit word, synde die datum van die Transaksie.

14.7.2 Die koopprys van die Graan word nie bepaal en op ooreengekom op die datum waarop die spesifieke graanaankoopooreenkoms gesluit word nie, maar soos hieronder uiteengesit. Op die datum waarop die spesifieke graanaankoopooreenkoms gesluit word, word die basiskoste bepaal, op ooreengekom en vervat in die Transaksiebevestiging.

14.7.3 Met die aangaan van die spesifieke graanaankoopooreenkoms word ooreengekom op die laaste datum of datums (die **"Prysvasstellingsdatum"**) waarop die koopprys van die Graan bepaal kan word, en word sodanige datum of datums in die Transaksiebevestiging vervat.

14.7.4 Die koopprys van die Graan word bepaal aan die hand van 'n spesifieke SAFEX prys soos op die Prysvasstellingsdatum(s) ooreengekom en vervat in die Transaksiebevestiging of sodanige ander Prysvasstellingsdatum(s) gekies deur die Verkoper soos hieronder uiteengesit, minus die basiskoste.

14.7.5 Die Verkoper sal geregtig wees om 'n ander datum of datums aan te wys as die Prysvastellingsdatum(s), onderhewig daaraan dat:

14.7.5.1 Die Verkoper sy aanwysing skriftelik moet uitoefen deur die versending van 'n e-pos aan ovkgraanverkryging@ovk.co.za;

14.7.5.2 Die datum waarop die Verkoper sy aanwysing maak die datum sal wees waarop OVK die e-pos ontvang, onderhewig daaraan dat 'n e-pos ontvang deur OVK tot en met 10:00 op 'n spesifieke dag, geag sal word op daardie dag ontvang te wees, terwyl enige e-pos ontvang na 10:00 op 'n spesifieke dag geag sal word ontvang te wees op die volgende besigheidsdag;

14.7.5.3 Die datum of datums wat die Verkoper aanwys, nie 'n datum of datums mag wees wat later is as die Prysvastellingsdatum(s) wat vervat is in die Transaksiebevestiging nie; en

14.7.5.4 Die Verkoper sodanige datum of datums eenmalig kan aanwys of by meerdere geleenthede.

14.7.6 Lewering van die Graan in terme van 'n Vaste Basis Koste Later SAFEX Prys Kontrak kan geskied by wyse van 'n Plaaslaai, ex silo of by die leweringspunt soos bepaal deur OVK en soos vermeld in die Transaksiebevestiging.

14.8 **<u>Vaste SAFEX Prys Later Basiskoste Kontrak</u>**

14.8.1 Die hoeveelheid van die Graan in terme van 'n Vaste SAFEX Prys Later Basiskoste Kontrak word bepaal en ooreengekom op die datum waarop die spesifieke graanaankoopooreenkoms gesluit word, synde die datum van die Transaksie.

14.8.2 Die koopprys van die Graan word bepaal en op ooreengekom aan die hand van 'n spesifieke toekomstige SAFEX prys op die datum waarop die spesifieke graanaankoopooreenkoms gesluit word.

14.8.3 Die Verkoper sal geregtig wees om die datum aan te wys waarop die basiskoste, soos deur OVK bepaal, van toepassing gemaak moet word as die basiskoste wat van die koopprys afgetrek moet word, onderhewig daaraan dat:

14.8.3.1 Die Verkoper sy aanwysing skriftelik moet uitoefen deur die versending van 'n e-pos aan ovkgraanverkryging@ovk.co.za;

14.8.3.2 Die datum waarop die Verkoper sy aanwysing maak die datum sal wees waarop OVK die e-pos ontvang, onderhewig daaraan dat 'n e-pos ontvang deur OVK tot en met 10:00 op 'n spesifieke dag, geag sal word op daardie dag ontvang te wees, terwyl enige e-pos ontvang na 10:00 op 'n spesifieke dag geag sal word ontvang te wees op die volgende besigheidsdag;

14.8.3.3 Die datum wat die Verkoper aanwys, nie 'n datum mag wees wat later is as die datum van eerste lewering van die Graan in terme van die graanaankoopooreenkoms nie;

14.8.3.4 Die Verkoper sodanige datum slegs eenmalig kan aanwys; en

14.8.3.5 Waar die Verkoper versuim om die voormelde datum aan te wys, die basiskoste soos bepaal deur OVK op datum van lewering van die Graan, sal geld as die basiskoste wat van die koopprys afgetrek moet word.

14.8.4 Die Verkoper is geregtig om te enige tyd voor datum van lewering, die keuse uit te oefen om die Vaste SAFEX Prys Later Basis Kontrak om te skakel na 'n Dagprys Kontrak. In sodanige geval sal:

14.8.4.1 Die bepalings en terme van toepassing op 'n Dagprys Kontrak, benewens soos hieronder uiteengesit, van toepassing wees;

14.8.4.2 Die Verkoper aanspreeklik wees vir alle koste wat mag voortspruit uit die omskakeling van die Vaste SAFEX Prys/Later Basis Kontrak na 'n Dagprys Kontrak;

14.8.4.3 Die Verkoper sy keuse skriftelik uitoefen deur die versending van 'n e-pos aan ovkgraanverkryging@ovk.co.za;

14.8.4.4 Die datum van uitoefening van die Verkoper se keuse die datum wees waarop OVK die voormelde e-pos ontvang, onderhewig daaraan dat 'n e-pos ontvang deur OVK tot en met 10:00 op 'n spesifieke dag, geag sal word op daardie dag ontvang te wees, terwyl enige e-pos ontvang na 10:00 op 'n spesifieke dag geag sal word ontvang te wees op die volgende besigheidsdag; en

14.8.4.5 Die koopprys van die Graan die koopprys wees waarop daar reeds in terme van die Vaste SAFEX Prys/Later Basis Kontrak ooreengekom is.

14.8.5 Lewering van die Graan in terme van 'n Vaste SAFEX Prys Later Basis Kontrak kan geskied by wyse van 'n Plaaslaai, ex silo of by die leweringspunt soos bepaal deur OVK en soos vermeld in die Transaksiebevestiging.

**BYLAE "A": UITOEFENING VAN PRYS-KEUSE KEUSEVORM**

**DIE GRAAN-AFDELING**
**OOS VRYSTAAT KAAP BEDRYF BEPERK**
**DAN PIENAARSTRAAT 19**
**LADYBRAND**
**9745**

Datum: ________________________

| | |
|---|---|
| Tariefbevestigingsnommer | |
| SAFEX Maand | |
| Graansoort | |
| Prys | |
| Totale Opsiekoste | |
| Ex Silo prys | |
| Boerprys | |
| Gekontrakteerde Volume | |

Ek, die ondergetekende,
NAAM: ____________________________________________
REGISTRASIE/ID NO: ____________________________________________
LIDNOMMER: ________________________(*indien van toepassing*)

woonagtig te / met hoof besigheidsperseel te,

ADRES: ____________________________________________
____________________________________________
____________________________________________

gee hiermee kennis aan Oos Vrystaat Kaap Bedryf Beperk ("**OVK**") dat ek 'n **VASTE KONTRAKPRYS** verkies met betrekking tot die bogenoemde graansoort, wat ek verkoop het in terme van 'n graan aankoopooreenkoms gedateer ____________________________

**GETEKEN te______________________________op ______________________20_____**

________________________________
HANDTEKENING

SAAM BEREIK ONS MEER
TOGETHER WE ACHIEVE MORE

**VIR KANTOORGEBRUIK:**

___________________________ (datum) ___________________________ (tyd)

___________________________
**Naam van OVK amptenaar**

___________________________
**Handtekening deur OVK amptenaar**